

## **Wysheid: Wat is dit? Waar kry jy dit? (OP4)**

### **Job 28:1-28**

**9 Augustus 2020**

Ons het laasweek die blaas van die sewende trompet aan die einde van Op 11 hanteer. Daarmee het ons die einde van die eerste hoofdeel van die boek Openbaring bereik. Ek het dit goed gedink om voordat ons aangaan met Openbaring 12, die reeks te onderbreek. Ek wil vanoggend stilstaan by Job 28. Ek het dit laasjaar Desember ook hanteer, maar wil dit weer hanteer – enersyds omdat dit vir my aangrypend bly, maar andersyds omdat ek graag volgende week, as die Here wil, die beginsels wat ons hier raakloop wil gebruik om 'n geheelbeeld van Openbaring 1-11 te vorm.

Job 28 is 'n hoofstuk in Die Bybel wat my al lank fassineer. Die fokus van die hoofstuk is natuurlik wysheid. Nou, daar word baie oor wysheid gepraat in die Bybel. Dit is die fokus van 'n hele aantal boeke in die Bybel – die sogenaamde Wysheidsliteratuur – en sluit boeke in soos die Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied, en ook Job. Die verskillende wysheidsboeke gee verskillende uitkyke op die hele onderwerp van wysheid. In hierdie hoofstuk is daar basies twee vrae wat gevra word: Wat is wysheid? Waar vind 'n mens wysheid? En dis die antwoord op hierdie vrae wat so fassinerend is.

Hierdie hoofstuk is min of meer in die middel van die boek Job. Ek vertrou ons is goed bekend met die gebeure in Job. Job 1:1 beskryf Job as 'n vroom en opregte man wat die kwaad vermy het. Hy was voorwaar baie geseënd, ook met fisiese middele. Dan gaan die duiwel na God toe, en beweer die enigste rede hoekom Job so vroom en opreg is, is omdat God hom so ryklik seën. Hy beweer as God Job se seëninge sou wegneem, sal Job sy rug op God draai. Gevolglik tref 'n hele reeks rampe Job. As hy kinderloos, arm en siek is, besoek drie vriende hom. Hulle advies is eenvoudig: Dit gaan sleg met Job omdat hy iets verkeerd gedoen het. Gevolglik roep hulle Job op om hom te bekeer. Job se teenargument is dat hy doodeenvoudig nie weet wat hy verkeerd gedoen het om hierdie swaarkry te regverdig nie. Hierdie debat gaan aan tot in Job 27. Dan volg Job 28, die hoofstuk wat ons na kyk. In die res van die boek volg die gesprekke tussen Job en Elihu, en later tussen God self en Job. Job 28 is dus iets van 'n oorgang van die gesprekke tussen Job en sy drie vriende, en hierna tussen Job en Elihu.

Dit laat die vraag ontstaan oor wie aan die woord is in Job 28. Daar is verskillende sienings:

1. In Job 27 was Job aan die woord, en in Job 29 is hy weer aan die woord. Dit skep die indruk dat Job 28 ook Job moet wees – die opskrif van Job 28 in die ESV (wat natuurlik nie geïnspireer is nie) ondersteun hierdie oortuiging. Dit is sekerlik 'n moontlikheid. Maar wat mens laat wonder is of Job in die gemoedstoestand wat hy is, werklik hierdie fassinerende hoofstuk sou uiter. En as ons in meer detail daarna kyk, wonder jy hoekom dit dan nodig was dat God Job moes konfronteer soos wat Hy doen in die latere hoofstukke.
2. Daar is persone wat redeneer dit moes van Job se vriende wees. Maar as jy hulle simplistiese interpretasie van die gebeure in Job in gedagte hou, sou dit vreemd wees dat hulle hier soveel insig toon. Ek is nie oortuig nie.
3. Dit kan moontlik die skrywer van die boek Job wees – wie dit ook al was.

Ek persoonlik dink dis waarskynlik die skrywer – maar wil geensins dogmaties rigied hieroor wees nie. Natuurlik weet ons ten diepste is dit die Heilige Gees.

### Indeling van Job 28

Die hoofstuk bestaan uit 5 dele:

1. Vers 1-11 – Beskrywing van die wonder van mynbou
2. Vers 12 – Vraag: Waar word wysheid gevind?
3. Vers 13-19 – Verdere uitdagings wat verhinder dat die mens wysheid vind
4. Vers 20: Vraag: Waar kom wysheid vandaan?
5. Vers 21-28 – Waar wysheid is. Waar wysheid gevind word.

### Vers 1-11 – Mynbou

‘n Verstommende beskrywing word gegee van mynboutegnieke wat die mens ontwikkel het. Onthou, ons vermoed Job is van die vroegste Ou Testamentiese geskiedenis – dat daar op so ‘n vroeë stadium soveel kennis bestaan het, is doodeenvoudig verstommend:

- Verse 1-2 verwys na verskillende metale wat gemyn en verfyn word deur smeltery – silwer, goud, yster en koper
- Vers 3-4 beskryf hoe die mens tot in die dieptes van die aarde gaan delf op soek na hierdie metale. Dit is pikdonker daar, maar die mens maak ‘n plan om te kan sien.
- Vers 5-8 beskryf hoedat die voëls in die lug nie weet wat die mens daaronder doen nie, selfs die landbouers weet nie van die myners wat daaronder aan die gang is nie, ook nie die leus of ander roofdiere nie.
- Vers 9-11 beskryf hoe die mens hom nie laat keer deur harde rotse of die probleem met onderaardse water nie. Hy maak doodeenvoudig ‘n plan – want hy het daardie skatte in die oog.

Mynbou is steeds ‘n fassinerende tegniek. Ek moes op ‘n stadium ‘n studie doen oor die ontwikkelingswerk wat in steenkoolmyne gedoen word – dit was doodeenvoudig fassinerend – na soveel jaar waarin steenkool gemyn word, is daar steeds nuwe ontwikkelings wat plaasvind. By Carletonville is die diepste goudmyn in die wêreld – meer as 4 km diep! Dink hieraan: ‘n tipiese gouderts konsentrasie is minder as 5g goud per ton erts. In 2018 het Suid Afrika 120 000 ton goud produseer – gaan werk maar uit hoeveel ton erts moes geprosesseer word. En dan praat ons nie eers oor die uitdagings van geologiese studies om te bepaal waar die minerale is wat jy soek nie, of die komplikasies om behoorlike ventilasie te voorsien nie, of die kompleksiteit van die bogrondse verwerking van die erts nie.

Voorwaar, die mens is slim en kreatief! ‘n Mens moet trots wees op die mens!

### Vers 12 – Vraag: Maar die wysheid, waar word die gevind?

Die vraag wat nou ontstaan is dit: Beteken die slimheid en kreatiwiteit van die mens dat hy noodwendig wys is? Jy kan 4 km diep in die grond ingrawe en uit die armste erts op die end goud haal – maar solank jou oog op die skatte is wat jy wil uithaal (vers 10), is jy hoogstens slim – maar nie noodwendig wys nie. Dit help nie noodwendig om so diep te grawe as jy wysheid soek nie! Die woonplek van die wysheid is nie daar diep onder die aarde nie!

### Vers 13-19 – Verder uitdagings wat verhinder dat die mens wysheid vind

Verskeie uitdagings word in hierdie verse genoem wat doodeenvoudig beteken dat wysheid die mens bly ontwyk:

1. Vers 13 is ernstig. Die mens waardeer doodeenvoudig nie die waarde van wysheid nie. As mens dit nie waardeer nie, is die gevolg dat mens dit ook nie soek nie. Ten minste weet die mens wat hy soek as hy myn – hy soek die skatte! Dit sou verspot wees om ‘n myn te bou as jy nie oortuig is die skatte loon die moeite nie. Maar as jy nie oortuig is daar is iets soos

wysheid nie, hoekom sal jy dit soek? En al is jy oortuig daar is so-iets soos wysheid, as jy nie oortuig is dit is waardevol nie, gaan jy dit nie soek nie. Intellek en kreatiwiteit maak sin – ten minste kan jy daarmee myn en geld maak, maar wysheid – watse nut het dit? Trouens, wat is dit?

2. Vers 14 maak dit boonop duidelik dat netsoos wat wysheid nie te vind is as jy diep onder die grond gaan grawe nie, so help dit ook nie om in die diep water van die see te gaan soek nie.
3. Verse 15-19 leer dat jy dit boonop ook nie kan koop nie – selfs nie met enige van daardie waardevolle metale wat jy met groot inspanning van jou intellek en kreatiwiteit ontgin en gesuiwer het nie.

#### Vers 20 – Vraag: Waar kom wysheid dan vandaan?

Die vraag staan steeds: Waar vind die mens wysheid? Waar kom dit vandaan? En dit begin nou na 'n krisis lyk: Dit help nie jy grawe diep in die aarde nie – dis nie daar nie! Dit help nie gaan af in dieptes van die see nie – dis nie daar nie! En nog meer tragies – die mens begryp nie eers wat hy mis nie! G'n wonder hy fokus dan maar op skatte nie!

#### Vers 21-28: Waar wysheid is, en hoe dit gevind word

Hierdie verse help ons om te verstaan waar wysheid wel is, hoe dit gevind kan word – en in die proses leer ons ook wat wysheid is:

1. Vers 21: Wysheid is verborge vir alle vorme van lewe. Alhoewel dit nog nie verduidelik hoe ek dit kan vind nie, verduidelik dit darem hoekom dit so 'n gestoei is om dit te vind. Dit is verborge vir alle vorme van lewe – die voëls word genoem, maar by implikasie alle diere. En ook die mens. Verder verduidelik dit ook hoekom die mens nie eens die waarde daarvan kan waardeer nie. Hoe kan jy iets waardeer wat vir jou verborge is? Dertig jaar terug het nie een van ons die internet gemis nie. Ons het nie geweet van die bestaan of die nut van so-iets nie. Dit was verborge, en jy was doodgelukkig daarsonder. Die probleem met dwaasheid is, jy weet nie jy is dwaas nie, en jy weet nie wat jy mis nie.
2. Vers 22: Hierdie is weereens skokkend. Wysheid is verborge vir alle vorme van lewe.... maar as jy na die doderyk sou gaan, dan hoor jy hulle het darem al daarvan gehoor. Die “rumour” dat daar so-iets soos wysheid is, is wel in die doderyk. Hoor jy: die lewendes weet niks daarvan nie en hulle waardeer dit nie. Maar die dooies het daarvan gehoor! Hulle het nie insig oor waar jy dit kan kry of die waarde daarvan nie – maar in die doderyk verstaan hulle hulle het die punt gemis. Hulle verstaan daar was iets meer wat hulle moes soek en waardeer. Wel. Dit sal jammer wees as almal eers moet sterf, net om uit te vind daar is iets soos wysheid.
3. Vers 23: Hier begin ons by die antwoord kom. God weet waar wysheid is, en hoe jy daarby kan uitkom! Ja, dis nog nie die volle antwoord nie – maar ten minste weet ek nou na wie toe om te gaan as ek wysheid wil soek. God is die Een, en duidelik die enigste Een, wat my die pad na wysheid kan wys!
4. Vers 24 is ietwat verrassend. Let op die vers begin met “want”. Hier word dus die rede gegee hoekom ek die pad na hierdie verborge wysheid juis by God kan vind. En die rede is: God sien alles tot by die eindes van die aarde, alles onder die hemel. Ek kan dus die pad na wysheid by God vind, want God weet alles wat in hierdie skepping gebeur. Nou kan jy met reg vra: Hoe werk dit dat ek die pad na wysheid by God kan vind, omdat God alles weet wat in die skepping gebeur? Hou net aan met lees....
5. Lees verse 25-27: Verse 25 en 26 beskryf vir ons 'n natuurverskynsel – dit praat van wind, reën en water wat afgemeet is en volgens sekere reëls moet optree, en 'n aangewysde pad

vir die weerlig. Dink daaroor: wind, reën en weerlig. Waaroor praat die skrywer? 'n Donderstorm. Die punt is dat 'n donderstorm gebeur volgens die reëls wat God daarvoor gemaak het! Vers 27 verduidelik nou wat ons moet sien: God het die wysheid vasgestel in die donderstorm, m.a.w. God het dit daar geplaas. God het dit ook deurvors, m.a.w. seker gemaak dit is daar. God het dit gesien, m.a.w. God is oortuig dit is daar. En God het dit vertel, m.a.w. Hy het dit ook bekend gemaak.

6. Sjoe, dis nogal verrassend! Jy hoef nie 4km diep in die grond te gaan grawe nie! Ook nie in die dieptes van die see te gaan soek nie! Dis hier voor jou oë – 'n donderstorm. Dis waar wysheid is! Vir die wat in die doderyk is – julle het net die gerugte daarvan gehoor? Het julle nie donderstorms beleef nie? Duidelik was dit verborge!

Kom ons dink vir 'n oomblik oor donderstorms. 'n Donderstorm is vir my persoonlik elke keer 'n magsvertoon – dink maar net aan die energie wat betrokke is in 'n donderstorm – dis groot. Is 'n donderstorm goed of sleg? Wel dit is goed – in ons deel van die wêreld kry ons 'n beduidende deel van ons reën tydens donderstorms. Sekere tye van die jaar kom hulle gereeld, en maak lewe vir plante, diere en mense moontlik. Maar donderstorms kan baie skade aanrig – sterk wind kan infrastruktuur beskadig, weerlig is gevaarlik vir alle vorms van lewe, vloedskade kan gebeur, dit kan gepaardgaan met hael. Wie bepaal wanneer dit verligting/seën of skade/oordeel gaan bring? Wel, God het die reëls gemaak – in Sy wysheid! So, as jy begin dink oor donderstorms oor hoe hulle werk en wat God met hulle bereik – dan is jy op pad na wysheid toe. Hoekom? Want as ek oor donderstorms dink sien ek groot kragte aan die werk – dit moet wys na Een wat nog groter krag het – dit is God self. As ek na die effek van die donderstorm kyk – sien ek versorging, en die Een wat die donderstormreëls gemaak het, moet dus versorgend wees. Ek sien ook straf, oordeel, vernietiging. Die Een wat die reëls gemaak het moet dus ook toornig wees. Wanneer is die donderstorm 'n seën en wanneer 'n straf? Die Een wat die reëls gemaak het moet baie wysheid en insig hê om te oordeel. En soms is dieselfde donderstorm gelyktydig vir sommige mense 'n seën en vir ander 'n oordeel. Wat is die punt? Hoe meer ek oor 'n donderstorm dink, hoe meer moet ek dink daar is iemand agter die donderstorm. En daardie iemand is 'n besondere wese. En so ontwikkel ek groot respek vir daardie Wese.

Nou maak vers 28 sin. Die vrees van die Here is wysheid. Hoe meer ek na die donderstorm kyk, hoe meer vrees ontwikkel ek vir die Een agter die donderstorm – wat God self is! En dis wysheid!

Onthou jy wat ons in Pred 3:14b gelees het. Alles wat God doen, doen Hy sodat die mens vir Hom ontsag (OAV vrees) sal hê. Wysheid is dus om vrees vir God te ontwikkel. Jy moet God erken vir wie Hy werklik is.

Natuurlik openbaar God Hom nie net in die donderstorm in die natuur nie. Dink maar aan Job 38-41 waar God na talle natuurverskynsels verwys om Job mee te konfronteer. Of dink aan Psalm 8 en 19 waar ander aspekte van die natuur raakgesien word. Ek wil sover gaan as om te sê jy kan God selfs in die mynbou raaksien. Die punt is net dat jy verder moet kyk as net die skatte (Job 28:10). Gebruik jou verstand om te dink oor die wonder van die dinge waarmee jy besig is – en nie net aan die skatte nie.

Daar is natuurlik nog 'n aspek uit die Nuwe Testament wat moet gebeur. Johannes 14:17 leer dat die wêreld nie die Heilige Gees kan ontvang nie, terwyl die Heilige Gees by gelowiges is en selfs in hulle woon. Die rede waarom wysheid verborge is vir die meeste mense, is omrede die Heilige Gees nie in hulle werk nie. Al wat hulle sien, is 'n donderstorm. Maar deur die werk van die Heilige Gees, sien die gelowige God raak in die donderstorm.

Hoekom kies God juis 'n donderstorm? Wel, soos ons gesê het, 'n donderstorm kan seën of oordeel wees. Onthou, ons is besig in Job. Die groot punt van debat is waarom daar skielik soveel swaarkry is in Job se lewe – terwyl hy vroom en opreg gelewe het in God se oë. Netso kompleks as wat 'n donderstorm is waardeur God gelyktydig seën en oordeel kan uitdeel, is die gebeure hier in die boek Job:

1. God is besig om Job by hernude en dieper vrees vir Hom te bring wanneer God hom direk konfronteer.
2. God is besig om Job se vriende te konfronteer oor hulle oppervlakkige teologie en hoogmoedige eiewysheid.
3. God bewys die duiwel verkeerd. Al neem Hy al Job se seëninge weg, vloek Job steeds nie God nie.

Seën en oordeel gelyktydig!

Kan ek jou aanspoor: Moet nooit ophou om die Woord te lees om daardeur te groei in jou vrees vir God nie. Maar daarmee saam: Gebruik tog God se skepping – gaan bedink donderstorms, of sprinkane, of verkleurmanneltjies! Gebruik God se handeling in wêreldgebeure – gaan bedink ons land se geskiedenis, die kerk se geskiedenis, of selfs net die covid-19 pandemie. Dit is alles deel van God se handeling met ons en Sy openbaring aan ons.

En wat baie spesiaal is: Besin oor wat ons hier van wysheid leer, besin daarmee saam oor dinge wat in die natuur gebeur, saam met dinge wat in die wêreld gebeur – en vergelyk dit met wat God in Sy wysheid aan ons geopenbaar het in Openbaring 1-11. Dit is 'n groot avontuur tot God se eer! Dit laat ons groei in wysheid, d.w.s. in vrees vir God.